

**19 April**

**Romeine 13:8-14, (Teks: 13:10)**

***Liefde en die nakoming van die wet***

Vir sommige mense bots liefde met God se wet, byvoorbeeld: Is dit nie meer liefdevol om toe te laat dat 'n swanger tienerdogter 'n aborsie ondergaan eerder as om 'n ongewenste kind in die wêreld te bring wat die dogter se toekoms vernietig nie? Of, is dit nie liefdeloos om van 'n getroude man wat 'n ongelukkige huwelik het te verwag om by sy vrou te bly wanneer hy "liefde en geluk" by 'n ander vrou vind nie? Die wet leer ons dat ons nie mag moord of egbreuk pleeg nie, maar mense se "liefdesgevoelens" bots soms met die wet. God leer ons dat sy wet en liefde nooit met mekaar bots nie. Die tweede deel van die wet (eer jou vader en moeder, jy mag nie moord pleeg, egbreek, steel, ens.) word saamgevat met die woorde: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (vers 9). Die wet wys ons hoe ware liefde lyk. Die gehoorsame uitleef van die wet gee aan ongebore babatjies die kans om te leef. Dit gee aan egpare in 'n ongelukkige huwelik die geleentheid om sonder inmenging van buite af hul huwelik te herstel. Die wet gee alle mense die geleentheid om waarlik te leef. Dit is tog liefde.

Ons Here Jesus het nie gekom om die wet af te skaf nie, maar om dit te vervul, sy volle betekenis te laat kry (Matt 5:17). God se Gees werk in ons om waarlik lief te hê. Prakties beteken dit om volgens God se gebooie te leef. Wees op jou hoede vir "liefde" wat bots met die wet. Dit is nie liefde wat van God kom nie.

Sing: Skrifberyming 26:10,11

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)